## BOEKBESPREKING

Louw, W. E. G.: *Kolom.*

Stewig en smaakvol uitgegee het daar pas veertig kort opstelle van W. E. G. Louw onder die titel *Kolom* by Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad, verskyn teen R1.35 per eksemplaar. Hierdie veertigtal saaklike essays het oorspronklik Saterdag-oggende as hoofartikels in *Die Burger* verskyn in die jare 1957—1963; vandaar die titel.

In die tradisie van die essay is ook hierdie kort stukke beskouend van aard en dra hulle 'n heel persoonlike stempel. Dít by alle verskeidenheid van onderwerp en toonaard.

Teen die einde van sy reeks: *Die „mens" agter die boek,* het N. P. van Wyk Louw destyds die volgende gesê: „As daar een Europese literêre vorm is wat ons, Afrikaners, gerus maar sonder kan klaarkom, is dit die ‚essay' soos ons dit uit Engels kry: die stukkies ‚On something', ‚On nothing', ‚On getting up on hot days'. As daar een eg-dekadente kultuurvorm bestaan, dan is dit hierdie soort ‚essay'... Gelukkig bestaan daar ook 'n ander soort gesprek: dié met iemand wat praat, nie om vir ons oor homself te vertel nie, maar oor iets in ons almal se wêreld..."

Met hierdie woorde in gedagte kan 'n mens die stukke van *Kolom* miskien raak takseer. Hulle is beslis *nie* blyke van daardie bloedlose selfuitstallery, beuselagtige mooiskrywery, gewigtig doenery nie; hulle is goed gestruktureerde causerieë oor ons almal se wêreld. In 'n besondere sin is dié stukke dus aktueel, want sake van belang, meestal kulturele belang, word bespreek. Wat stof betref, is daar genoeg afwisseling; maar ook die stylaard, of liewer toonaard, is genuanseerd genoeg — vlg. maar die ernstiger en dringender stukke met die geestige opmerkings oor modes of die kwaaijongagtig moedswillige eis dat die bolpuntpen en tikmasjien ook maar hul plek in die laerskool moet inneem.

Kenmerkend van hierdie opstelle is egter daardie besadigdheid en geryptheid van toon, oordeel en segging. Die stukke getuig van wye kennis, deurdrenktheid in die eie en die vreemde, bowenal van liefde vir en besorgdheid oor wat Afrikaans is; hulle is daarbenewens intelligent beskryf, smaakvol (stylvol),

is kort en saaklik, samehangend en mooi afgerond. Meer as eenmaal word 'n mens getref deur die byna aforistiese karakter van die slot wat 'n mooi sluitstuk vorm.

Kortom, hierdie neerslag van besinning op, denke oor ons lewe, hierdie bestek opmaak van die Afrikaner se bestaan en geestesbesit (of gebrek daaraan), is goeie en onderhoudende leesstof, bowenal prikkelend. Dit beteken 'n verryking van die gees vir elkeen wat die bundel lees, en hierdie elkeen kan oud of jonk, geleerd of ongeleerd wees. Hierin, in hierdie trefwydte, lê nog 'n besondere eienskap van *Kolom;* dis die soort boek wat 'n mens ook graag byderhand wil hou vir herlees.

Dit was myns insiens 'n gelukkige ingewing van skrywer en uitgewer om *Onvoltooide Kalender* op te volg met *Kolom.*

P. D. van der Walt.